

7 Maart

Lukas 9:61,62

Die halfhartige volgeling

Dis nooit maklik om Jesus Christus te volg nie. Die wêreld is vol van mense wat volgelinge van Jesus was, maar nie kon volhard nie.

Die man van ons teksvers sê: Ek sal u volg Here maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet. Hy wil gaan afskeid neem van die natuurlike lewe. Hy deel die lewe op in twee gebiede wat teenoor mekaar staan: Die terrein van God en die terrein van die gewone daaglikse lewe.

Baie mense doen dit vandag nog. Daar is die terrein van die kerk en die godsdiens en daarteenoor die terrein van die wêreld waar ander norme geld. Sondag word God gedien en die res van die week leef soos jy wil.

Maar dit mag nie. Oral en onder alle omstandighede moet jy onderdaan wees van die Koning Jesus Christus. Ook in die gewone daaglikse lewe moet jy slaaf wees van Jesus Christus. Jy moet staan in die volle lewe maar as volgeling van Jesus Christus.

Niks mag in die plek van Jesus kom nie. Daar mag geen eiebelang wees nie.

Wie Jesus volg is sy slaaf.

Wie Jesus volg is 'n soldaat vir die koninkryk van God.

Dis om Jesus onvoorwaardelik te dien en Hom te gehoorsaam met die hele hart.

Ds. A.Z. Pelsler (Oos-Moot)